

## 'n Veelkantige besinning oor eutanase

Jaco Beyers

---

Jaco Beyers, Departement Godsdiensstudies, Universiteit van Pretoria

---

### *Opsomming*

Die debat oor eutanase kan benader word vanuit 'n etiese, teologiese, sosiologiese en regsfilosofiese perspektief. Deel van die haakplekke in die debat is die bestaande verwarring ten opsigte van oorvleuelende terminologie. In hierdie studie word 'n bespreking van moontlike definisies aangebied alvorens daar oor die waarde van die lewe en die dood besin word. Definisies van wat *die dood* konstitueer, word bespreek. Die verskillende vorme van eutanase word uitgelig, naamlik vrywillige aktiewe, nie-vrywillige en gedwonge. *Vrywillig* en *nie-vrywillig* is onderskeidings vanuit die perspektief van die pasiënt wat sterf, terwyl *aktief* en *passief* onderskeidings is vanuit die perspektief van die persoon (bes moontlik 'n dokter) wat 'n ander persoon bystaan om te sterf. Bybelse perspektiewe op die waarde van die lewe en moontlike argumente teen eutanase word bespreek. Die slotsom is dat daar geen ondersteuning vir of teen eutanase in die Bybel gevind word nie. Daar is geen etiese uitspraak wat eutanase aanmoedig of ontmoedig nie. 'n Bespreking van die huidige Suid-Afrikaanse wetgewing wat eutanase reguleer word aangebied aan die hand van 'n refleksie oor die Stransham-Ford-hofsaak. Die filosofie van die Duits-gebore politieke filosoof Hannah Arendt (1906–1975) word vervolgens krities ingespan om aan te dui dat dit wat reg en verkeerd is, eties beredeneer kan word en dat onnadenkende, klakkelose naspreek van geyskte formules geen bydrae tot die debat oor eutanase lewer nie. Vir Arendt lê die waarde van etiese vraagstukke nie soseer in die vasstel van wat reg en verkeerd is nie, maar in die proses wat gevolg word op soek na 'n antwoord. Uiteindelik sluit hierdie besinning af deur oorweging te skenk aan die bybelse opdrag om lief te hê as kriterium waarvolgens Christene oor eutanase besin. Die slotsom is dat eutanase vanuit 'n Christelike oorweging 'n uitdrukking van genade is om met die dood om te gaan.

**Trefwoorde:** dood in die Bybel; etiek; eutanase; Hanna Arendt; Stransham-Ford; Suid-Afrikaanse Grondwet

## *Abstract*

### **A multi-perspective reflection on euthanasia**

Euthanasia has over centuries been a highly evocative and much discussed topic. There are different approaches to the debate as set out in ethical, theological, sociological, legal and philosophical perspectives. Although etymologically the origin of the word *euthanasia* can be traced back to its Greek roots (*eu* = good, and *thanatos* = death), there still seems to exist substantial uncertainty as to the precise dimensions and meanings of the concept. Ever since the historian Suetonius used the expression *euthanasia* to describe the manner in which the emperor Augustus died as peaceful and dignified, and therefore a good death, the term has been used with many different nuances. Terminology and assigned meanings overlap to such an extent that it is not always clear what people actually refer to when speaking of euthanasia.

There is consensus that euthanasia may be differentiated into three categories, namely willing and active, unwilling, and forced. The notions of *willing* and *unwilling* refer to a differentiation from the perspective of the dying patient, whilst the notions of *active* and *passive* euthanasia describe the perspective of the person (most probably a medical practitioner) assisting the patient in an activity resulting in death.

This contribution critically investigates and evaluates biblical references to cases which can potentially be interpreted as involving euthanasia. References from the Old as well as the New Testament are cited and discussed, leading to the conclusion that there is no conclusive evidence from the Bible in support of nor arguments against euthanasia. Although the perspectives as set out by early church fathers, such as Thomas Aquinas and St. Augustine, emphasise the ultimate value of life, these are not clear in indicating how to think about euthanasia. The cultural environment in which the Bible and early church found itself condoned taking one's own life under certain conditions. Archbishop Desmond Tutu recently pleaded that the right of dying and suffering patients to request their own death be respected.

This contribution then continues to present the legal arguments regulating South African legislation regarding euthanasia. The legal debate reflects in particular on the court case of Robin Stransham-Ford and the consequences of the final verdict in his court case. In 2015 Stransham-Ford applied to the court for permission that a medical doctor should be allowed to assist him, as a dying cancer patient, in applying treatment that would end his life. He also applied for a decision that the doctor involved be exempted from any prosecution. The verdict delivered in 2015 was in favour of the applicant, but was only delivered after the applicant had already died of natural causes. Judge Fabricius, in delivering the verdict, indicated that according to existing South African legislation, assisted suicide and willing and active euthanasia is illegal. Stransham-Ford's arguments in support of his request were based on the constitutional and democratic rights of the individual, as expressed in chapter 1 (section 1a) of the South African Constitution, as well as the guarantee of human dignity as stated in chapter 2 (section 10) of the Constitution. The freedom of the individual (chapter 2, section 12.1 and 12.2) emphasises the right a person has over his or her own body. South African legislation does not as yet reflect a thorough consideration and representation of these constitutional values.

Upon the verdict delivered by Judge Fabricius, the Minister of Justice appealed the verdict and in an appeal case in 2016 the verdict was overturned, reinforcing the current South African legal position against assisted suicide and willing and active euthanasia.

The next section in this contribution turns to philosophical arguments reflecting on what is right and what is wrong when considering euthanasia. The philosophical reflections of the German-born political philosopher Hannah Arendt are applied to the discussion of euthanasia. For Arendt, the value of ethical considerations and debate does not lie in determining what is right and what is wrong. True value, according to Arendt, lies within the process of reaching a solution. How did we go about reaching an answer? To her, that is a more important consideration.

In her publications (1958; 2003a; 2003b; 2006a; 2006b), Arendt comments on the evil acts committed during the Second World War. She tries to clarify for herself as well as for others what exactly happened during the war and why it was allowed to happen. Why war, why discrimination, and why did so many innocent people have to die in such violent ways? In her deliberations, she addresses the matter of good and evil. Her analysis of collective evil, as evident during the Second World War, is relevant to a society that collectively tries to address the issue of euthanasia.

Arendt may be just the right person to assist in the debate on euthanasia as she is not a theologian. In the evaluation of the post-war legal cases addressing war crimes committed by Nazis, and specifically the case of Adolf Eichmann, Arendt (2006a) is astonished to hear about the violence and evil people committed. She describes Eichmann as a normal-looking, even weak person who does not appear to be able to commit evil. Arendt reaches the conclusion that ordinary people are capable of indescribable violent and evil deeds (see Mahoney 2018:43).

What Arendt finds disturbing, is the way in which Eichmann justifies, without reflection, his acts of cruelty as the obedient performance of tasks assigned to him as a government official. His acting without reflecting on his acts is upsetting. The banality of evil performed is related to unreflective acting, without considering the consequences of the actions. The ignorance displayed by Eichmann is an expression of his inability to place himself in the shoes of others. According to Arendt it is ignorant behaviour if one is incapable of original thought and unique expressions, and then resorts to clichés (Mahoney 2018:18–28). Evil acts are not always motivated by evil thoughts – evil can be performed even with good and innocent intent (see Mahoney 2018:28).

In the case of euthanasia, the question will inevitably be this: Who is acting with evil intent – the one collaborating to take a life or the one refusing to take a life? What, in this context, can be regarded as the most extreme evil – to end a life of suffering, or to allow a life of suffering to continue? In light of the insights from Arendt, it is important not to resort to ignorance by not reflecting on the consequences of the planned actions. Even though South African legislation prohibits euthanasia, the meaningfulness of the plea for euthanasia may still be considered and reflected on. Moral thought makes it possible to reflect on evil (Mahoney 2018:83).

What does this say about a society where evil is allowed? In the case of euthanasia, evil can refer to either the refraining from bringing about death or the continuation of a life of suffering. Both can be viewed as evil. A balance is necessary: protect life, but do not prevent death at all costs. What should weigh more heavily – the right to live or the right to die? A balance between being correct (applying the letter of the law) and to express love (to show empathy with those suffering) is necessary. This contribution wants to emphasise that Christian love must consider the possibility of ending a life of suffering as an expression of love.

**Keywords:** death in the Bible; ethics; euthanasia; Hanna Arendt; South African Constitution; Stransham-Ford

## 1. Inleiding

Die dood is 'n onvermydelike, natuurlike en nimmereindigende proses. Al is die dood 'n natuurlike proses, kan dit wees dat sommige mense onder sekere omstandighede die dood aktief soek. Hoe oordeel 'n samelewing oor die wens vir die dood? Is eutanase aanvaarbaar, en onder watter omstandighede is dit aanvaarbaar? Hierdie bydrae wil die vraag toelig vanuit verskeie perspektiewe.

Die woord *eutanase* is die histories aanvaarde term wat vir genadedood of bystanddood gebruik word. Die oorsprong van die woord *eutanase* is Grieks: *eu* = goed, *thanatos* = dood. Die woord is vir die eerste keer deur die geskiedskrywer Suetonius gebruik toe hy oor die afsterwe van keiser Augustus gesê het dat hy 'n goeie dood gesterf het, bedoelende 'n gemaklike, natuurlike dood (Wardle 2007:446). Vanaf die 17de eeu word die woord *eutanase* gebruik om na 'n sagte en maklike dood te verwys. Dit kan dus histories na 'n natuurlike dood sonder pyn en lyding verwys. Vanaf 1869 verwys die term *eutanase* egter toenemend na die aktiwiteit om die dood teweeg te bring uit medelye met die lyding wat iemand verduur: "legally sanctioned mercy killing" (Vocabulary.com s.j.). Eutanase verwys dus na die genadige beëindiging van die lewe om sodoende pyn en lyding te beëindig.

Talle publikasies oor eutanase het die afgelope paar dekades die lig gesien.<sup>1</sup> Hierdie bydrae bied 'n bondige oorsig oor die debat, asook 'n bybelse perspektief op eutanase, en sluit dan af met filosofiese oorwegings as rigtingwysers vir die debat vorentoe. Hier word gefokus op teologiese, etiese en regspektiewe. Die sosiale en kulturele perspektiewe asook perspektiewe van ander godsdienste word nie hier bespreek nie, alhoewel dit ook interessante gesigspunte kan bied.

## 2. Konsepte en definisies

Daar is reeds na die etimologiese oorsprong van die term *eutanase* verwys. Die volgende terme val binne dieselfde semantiese domein as eutanase: bystanddood, genadedood (met as variant hulp by selfdood, en selfdood, asook variasies in kombinasie soos byvoorbeeld bystandselfdood (vergelyk Van Niekerk 2017). Ter wille van konsekwentheid word die term *eutanase* hier gebruik. Keown (2002:7) wys daarop dat vele van die debatte oor eutanase tot verwarring lei weens 'n gebrek aan duidelike definisies van gebruikte terme.

Dit is in vele opsigte problematies om oor eutanase en verwante terme te praat. Die definisie van wat as die dood beskou word, mag dalk duidelik wees, maar die roete daarheen is onduidelik. Ten spyte van die oorfloed beskrywende terme bestaan daar 'n gebrek aan woorde om behoorlik oor die manier van doodgaan te praat. Daar moet dus eers behoorlike terminologie geskep word om oor 'n kwessie te praat waarvoor daar gebrekkige terme bestaan.

In konsentriese bewegings moet ons eers oor die definisie van die dood praat alvorens die tipologie van eutanase aan die beurt kom. *Die dood* kan gedefinieer word as die beëindiging van die funksionering van enige van die drie lewensnoodsaaklike biologiese stelsels (naamlik asemhaling, bloedsomloop en breinfunksie) (vergelyk Bernat 2018:399). Hierdie kliniese en mediese definisie word egter op die proef gestel deur nuwe mediese en tegnologiese ontwikkelinge wat die intree van die dood met behulp van tegnologiese intervensies kan uitstel. Die resultaat hiervan is dat die konsep *die dood* herdefinieer moet word.

Luper (2018:534) bied twee moontlike definisies van die begrip *dood*: (i) die dood is die beëindiging van die prosesse wat 'n lewende wese se bestaan voortsit; (ii) die dood is die resultaat wanneer die fisiologiese stelsel van 'n lewende wese onomkeerbaar ophou funksioneer en 'n geïntegreerde geheel nie meer bestaan nie. Bernat (2018:403) verskaf 'n verdere moontlike definisie: Die dood is die onomkeerbare beëindiging van sellulêre funksies. 'n Definisie wat moderne tegnologiese ontwikkelinge in ag neem, stel dat die dood gelykstaan aan die verlies aan inherente, spontane en medies geïnduseerde asemhaling (sien Bernat 2018:403). 'n Meer resente definisie van die dood omskryf dit as die verlies van alle verbintenisse tussen die organisme se dele, dus die verlies aan koherente eenheid van die organisme (Bernat 2018:403). Ten spyte van die veelheid van definisies is daar nog geen eenstemmigheid oor wat die dood presies is nie (Bernat 2018:408). Deels is die oorsaak van die nie-eenstemmigheid die veelvuldige invalshoeke van waaruit daar oor die dood gedink en geredeneer word. Die werksdefinisie van *die dood* wat in hierdie bydrae gebruik sal word, is dat dood die beëindiging is van die prosesse wat 'n lewende wese se bestaan kontinueer (Luper 2018:534). Dit maak egter geen uitspraak oor die wyse waarop die lewe beëindig word nie.

Wat duidelik is, is dat die dood nie sonder meer intree wanneer biologiese prosesse ophou funksioneer nie. Bernat (2018:401) voer aan dat die dood ook intrinsiek 'n sosiale fenomeen is. Met geboorte word 'n mens deel van 'n sosiale bestel. Wie dood is, is nie meer deel van die sosiale bestel nie. Wie besluit egter wie deel mag wees van die sosiale bestel en wie nie? Besluit die samelewing of mag die individu dit self besluit? Emile Durkheim (1890) se bydrae oor selfdood beoordeel die fenomeen van die versugting na dood vanuit 'n suiwer sosiologiese perspektief. In die bespreking wat hier volg, word teologiese, filosofiese en etiese oorwegings aangebied.

Eutanase, hetsy aktief of passief, verwys na 'n doelbewuste aksie, 'n beplande aktiwiteit wat deur 'n rasonele proses onderlê word, hoe emosioneel gemotiveer die oorwegings ook al mag wees. Bystand tot die dood kan op drie maniere plaasvind: die beskikbaarstelling en aanwending van 'n middel wat die dood teweegbring (bekend as eutanase of genadedood); die voorsiening van 'n middel wat iemand self aanwend om te sterf (bystandselfdood); of deur lewensondersteunende middels (bv. mediese intervensies) te onttrek of te weerhou (ook bekend as vrywillige passiewe eutanase).

Dit is belangrik om op die volgende indeling van eutanase te let. Vir die doel van hierdie studie word die volgende terme met die geopaardgaande definisies gebruik:

- *Vrywillige aktiewe eutanase*: Keown (2002:9) wys daarop dat hierdie vorm van eutanase verwys na 'n versoek van die pasiënt dat sy of haar lewe beëindig word. Die pasiënt gee dus toestemming tot, of versoek, handeling wat tot die dood sal lei. Vrywillige aktiewe eutanase is wettig in Albanië, België, Switserland, Kanada, Colombië, Luxemburg en Nederland asook in vyf state van die VSA (Oregon, Vermont,

Washington, Nieu-Mexiko en Montana) (Manyathi-Jele 2015). Vrywillige passiewe eutanase is oral in die VSA wettig.

- *Nie-vrywillige eutanase*: Met hierdie omskrywing word volgens Keown (2002:9) verwys na gevalle waar die pasiënt weens 'n mediese toestand nie daartoe in staat is om toestemming te gee vir die beëindiging van lewe nie, of as iemand as gevolg van 'n verstandelike toestand (byvoorbeeld babas of volwasse demensie-pasiënte) nie by magte is om toestemming te verleen nie. Aktiewe eutanase word in sulke gevalle sonder die toestemming van die pasiënt gedoen. Hierdie praktyk is in sommige lande onder sekere omstandighede gewettig. Dit neem gewoonlik verskeie vorme aan (bv. masjiene wat 'n pasiënt wat breindood is aan die lewe hou, word afgeskakel op versoek van die familie). Die passiewe vorm is wanneer behandeling om die lewe voort te sit op versoek van die familie of ander betrokkenes gestaak word.
- *Gedwonge eutanase*: Hierdie vorm van eutanase verwys na die toedien van middele wat die dood teweegbring sonder om die pasiënt se toestemming te vra, of waar daar teen die wil van die pasiënt gehandel word. Hierdie praktyk is onwettig in alle lande aangesien dit as moord beskou word. 'n Ekstreme voorbeeld van hierdie praktyk is die gebeure in Nazi-Duitsland, waar daar gedurende die 1940's chemiese middels aan talle gestremde kinders en volwassenes in instellings en in aanhouding toegedien is om hulle lewe te beëindig (vergelyk Bryant 2005).

Die verwarring oor eutanase word versterk as gevolg van die verskillende maniere van verstaan van wat die beëindiging van die lewe behels. Verwys eutanase slegs na 'n dodelike middel wat toegedien word om lewe te beëindig, of is dit ook die staking van behandeling wat die lewe verleng? In albei gevalle mag die handeling op versoek van die pasiënt of op versoek van familie en vriende van die pasiënt wees. *Vrywillig* en *nie-vrywillig* is onderskeidings vanuit die perspektief van die pasiënt wat sterf, terwyl *aktief* en *passief* verwys na onderskeidings vanuit die perspektief van die persoon (bes moontlik 'n dokter) wat 'n ander persoon bystaan om te sterf.

Besware teen die beëindiging van die lewe is dig verweef met die beginsel van die lewe as hoogste waarde.

### 3. Die waarde van die dood en die lewe

Om oor die dood te praat, bring mee dat daar oor die lewe gepraat word. Biologiese lewe is ideaal gesien die toestand waarin die mens alles wat goed is, beleef en ervaar. Maar wat as die biologiese lewe 'n bestaan van stryd, pyn en lyding word en nie meer as "goed" beskryf kan word nie? Kan dood in so 'n geval dan as "goed" beskryf word, omdat dit beter sou wees om dood te wees as lewend?

In die situasie waar menslike optrede die dood van ander teweegbring, is die vraag of dit reg is en of dit wettig is. In die eerste geval is dit 'n etiese vraag en in die tweede 'n regspraak. In sy besinning oor lewe en dood stel die Griekse filosoof Aristoteles die vraag of enige handeling wat nie tot die nadeel van 'n ander persoon lei nie, enigsins as onregmatig beskou kan word (Gorsuch en Gorsuch 2006:24). In sy besinning maak Aristoteles onderskeid tussen opsetlike en nie-opsetlike handeling. Opsetlike daede word voorafgegaan deur rasonale besinning en

die dader bly deurentyd aanspreeklik vir die dade. Nie-opsetlike dade kan nie as reg of verkeerd beskryf word nie, aangesien daar geen vooraf besinning was om doelbewus 'n bepaalde gevolg met die handeling te bereik nie. Nie-opsetlike dade wat tot die dood van ander lei, is daarom volgens Aristoteles verskoonbaar (sien Gorsuch en Gorsuch 2006:24). Aristoteles verduidelik hierdie uitsonderings soos volg:

- Nie-opsetlike dade gepleeg uit onkunde en nalatigheid (byvoorbeeld om nie te bedoel om iemand te beseer nie), is verskoonbaar.
- Nie-opsetlike dade gepleeg met kennis, maar nie na deeglike besinning nie (byvoorbeeld dade uit woede of ander emosies), is verskoonbaar.

Opsetlike dade word bewustelik gepleeg, uit keuse en na oorweging. Wanneer 'n persoon iemand anders bewustelik beseer as doelbewuste keuse, en na besinning, dan is sulke optrede onregmatig; dit wil sê sowel eties onaanvaarbaar as wetlik verkeerd. Aristoteles argumenteer dat die staat die verantwoordelikheid het om alle lewe te beskerm, selfs die lewe wat iemand wens om self te neem. Selfdood bly 'n oortreding teen die staat, aangesien die staat die beskermers van die beginsel van die waarde van lewe is (Gorsuch en Gorsuch 2006:24). Hiermee vestig Aristoteles die begroning vir die “beginsel van die waarde van die lewe”.

Eutanase stel 'n etiese dilemma daar en vereis dus 'n etiese oorweging. Ten spyte van alles wat oor die tema gepubliseer is, bestaan daar geen helderheid oor wat as “reg” en “verkeerd” geag kan word nie. Selfdood in alle vorme ken nóg demografiese of geografiese grense nóg religieuse grense. Vanuit 'n Christelike perspektief word die argument teen selfdood en eutanase gebaseer op die “beginsel van die waarde van die lewe”, ook genoem die “beginsel van die sakrale waarde van die lewe” (vergelyk Battin 1995:114). Die beginsel berus op die premis dat God lewe gee en daarom behoort alle lewe aan God. As goddelike geskenk het die lewe dus 'n heilige waarde. Om lewe te neem, is om sonder respek met die heiligheid van lewe om te gaan. Die basis van hierdie argument – deur Aristoteles gelê en waarop Augustinus en Thomas van Aquinas voortbou – is dat die lewe absolute waarde het en daarom behoort daar nie ligtelik daarmee gehandel te word nie.

Dit is noodsaaklik om kennis te neem van Augustinus en Aquinas se argumente teen selfdood, maar dan ook van hulle argumente ten gunste van die uitsondering. Augustinus maak 'n skerp onderskeid tussen opsetlike en nie-opsetlike selfdood (Schaff 1887: par. 173.5). Augustinus se argument is dat Christene bereid moet wees om ter wille van hulle geloof te sterf, maar hulle mag nie hul dood doelbewus soek nie. Sy argument was gerig teen die Donatiste van sy tyd, wat aktief hulle eie dood gesoek het deur tot uiterstes te gaan om te sterf. Donatiste sou byvoorbeeld vreemdelinge langs die pad wat wapens dra, uittart en dreig sodat dié hulle om die lewe bring; of hulle selfs van kranse af gespring, in vure geval of in water gespring om te verdrink (Schaff 1887: par. 185.3.12). Teen sulke aktiewe en opsetlike soeke na die dood maak Augustinus beswaar. Dit is in hierdie lig dat Augustinus waarsku dat om opsetlike selfdood goed te keur, tot allerlei misdrywe kan lei (Augustinus 2007:79–81). Maar Augustinus het geen beswaar daarteen om nie-opsetlik die dood as gevolg van die vergrype van ander oor jou lewe gelate te aanvaar nie.

Aquinas bied drie argumente aan waarom selfdood onwenslik is (Aquinas 1964: deel 2, Q.64, a.3). Eerstens is selfdood onnatuurlik en strydig met die oproep tot selfliefde. In die tweede plek is selfdood tot nadeel van die samelewing waar elke individu deel is van die groter geheel.

Hierdie argument dien ter ondersteuning van die argument soos reeds hier bo aangedui, naamlik dat eutanase as 'n sosiale fenomeen beskou moet word. Dersens ontnem selfdood God die eer as gewer van lewe. Selfdood beroof God van aansien. Slegs God het mag oor lewe en dood en selfdood ontnem God van daardie aansien. Volgens Aquinas is dit onnatuurlik om opsetlik skade aan lewe, hetsy jou eie of 'n ander se lewe, aan te rig. Daar is tog omstandighede waaronder lewe geneem kan word, naamlik as dit oor slegs die beskerming van lewe gaan en om dade van aggressie te keer, soos in die geval van selfverdediging (Aquinas 1964: deel 2, Q.64, a.7).

Aquinas bied daarbenewens 'n rasionale argument aan waarvolgens selfdood nie immoreel is nie. Gevalle van nie-opsetlike selfdood kan nie as immoreel beskou word nie. Opsetlike selfdood vereis rasonale en doelbewuste optrede en is daarom immoreel. Nie-opsetlike selfdood geskied volgens Aquinas in gevalle van geestesversteurdheid, depressie, vrees, rou en/of woede. In sulke gevalle resorteer selfdood volgens hom onder 'n ander morele kategorie (Gorsuch en Gorsuch 2006:28). Dit is duidelik dat Aquinas baie vaag is oor die rasonale aard van opsetlike en nie-opsetlike selfdood.

Sowel Augustinus as Aquinas se argumente het Christelike denke oor die saak van eutanase beïnvloed en daartoe gelei dat kerklike denominasies tot op hede selfdood negatief beoordeel.

Vir Augustinus en Aquinas is selfdood 'n daad van diefstal. Lewe word van God gesteel en die heilige geskenk word teruggegooi in God se gesig. Enige ontydige beëindiging van lewe beroof God van die alleenreg om oor lewe en dood te beskik.

Wanneer is die keuse vir die lewe die regte keuse en wanneer is die keuse vir die dood die regte keuse? Volgens die kriteria van die “beginsel van die waarde van die lewe” is die lewe altyd die regte keuse. Dit sou impliseer dat telkens wanneer iemand gekonfronteer word met die keuse tussen die dood en die lewe, die keuse vir die lewe altyd die regte keuse sal wees. Volgens hierdie argument moet die lewe altyd, sonder verdere oorweging, gekies word. Augustinus en Aquinas argumenteer dat daar tog uitsonderings is. In sommige gevalle is die keuse vir die dood verskoonbaar. In gevalle van geestesversteurdheid, depressie, vrees, rou en woede word selfdood verskoonbaar. Indien daar dan moontlikhede bestaan waar die keuse vir die dood aanvaarbaar is, verg dit ten minste eerlike besinning oor onder watter omstandighede 'n keuse vir die dood aanvaarbaar sou wees.

In die volgende scenario's word ons gekonfronteer met die keuse van die lewe of die dood. Telkens is die vraag wie se lewe dit werd is om te verleng en wie se lewe nie. Verder, wie bepaal dat lewe en sterwe kwalitatief van mekaar verskil?

Eers kom enkele ooglopende scenario's aan die orde:

- 'n Terminaal siek pasiënt versoek dat medikasie gestaak word.
- 'n Terminaal siek pasiënt versoek toegang tot 'n middel wat die dood sal teweegbring wanneer die pasiënt dit self toedien.
- 'n Terminaal siek pasiënt versoek dat 'n middel wat die dood sal teweegbring deur iemand anders toegedien word.



Dan volg 'n aantal nie-so-ooglopende scenario's:

- 'n Soldaat veg om ander aan die lewe te hou. Sy bevelvoerder gee hom opdrag om 'n gevaarlike missie te onderneem. Dit kan hom sy lewe kos, maar sal baie ander soldate se lewens red. Die soldaat gehoorsaam die bevel van die bevelvoerder, aanvaar die opdrag en offer sy eie lewe vrywillig op sodat ander veilig kan wees. Die soldaat word vereer as 'n held en 'n onselfsugtige, dapper soldaat.
- 'n Christen woon in 'n land waar Christene op grond van hulle geloof vervolgd word. As die Christen deur die owerheid aangehou word en gevra word of hy of sy 'n Christen is, met die wete dat Christene tereggestel word, wat moet die Christen antwoord? Om te erken dat jy 'n Christen is, beteken gewisse dood. Deur jou eie toedoen verloor jy jou lewe. As martelaar vir jou geloof weet jy dat jou geloofsbelydenis tot jou dood sal lei. Die martelaar word vereer as iemand wat tot die einde toe in geloof volhard het.
- 'n Roker (of selfs 'n motorfietsryer) onderneem vrywillige optrede wat die potensiaal het om die dood teweeg te bring. Die keuse van 'n sekere lewenstyl verhoog die risiko van die dood. Sulke persone word beskou as onverantwoordelik en selfsugtig in hulle keuses en as persone wat roekeloos omgaan met die gawe van die lewe.
- 'n 40-jarige getroude man, vader van drie kinders, word betrap nadat hy geld by die werk verduister het. Hy vra sy apteker-vriend om hom te voorsien van slaappille, omdat hy sukkel om te slaap weens bekommernis. Een aand drink hy 'n oordosis pille en sterf om die gevolge van die misdaad vry te spring. Is dit eervol of eerder lafhartig en selfsugtig?
- 'n 80-jarige wewenaar met kanker is sterwend. Hy vra sy apteker-vriend om te help met slaappille omdat hy sukkel om te slaap. Een aand drink hy 'n oordosis pille en sterf om die lyding en vernedering van die uitmergeling van kanker vry te spring. Is dit lafhartig en selfsugtig of juis waardig en respekvol teenoor die dood?
- Tydens Jesus se kruisiging hang Jesus en twee misdadigers aan kruise, sterwend. Die Romeinse offisier is onseker of die veroordeeldes al dood is en gee opdrag dat 'n soldaat die gekruisigdes se bene breek (Joh. 19:32–3). Dit verhaas hulle dood. Jesus is reeds dood en spring dit vry dat sy bene gebreek word. Wat interessant is, is dat Romeinse wetgewing geen beswaar gehad het teen selfdood onder enige omstandighede nie (Gorsuch en Gorsuch 2006:25). Waarmee ons egter hier te doen het, is die uitvoer van 'n bevel tot teregstelling gekombineer met die keuse om die dood teweeg te bring om lyding te beperk.

Met watter van die scenario's het ons simpatie? Vir wie het ons begrip vir hulle optrede en wie se optrede is verskoonbaar? Wie is onskuldig aan bystand om ander te help sterf? Wie het oortree as daar wel 'n reël is wat oortree word – die soldaat wat wetend die opdrag uitvoer wat sy dood sal beteken; die Christen-martelaar wat deur 'n geloofsbelydenis sy/haar lewe verloor; die apteker-vriend wat slaappille verskaf; die 40-jarige pa; die 80-jarige kankerlyer; of die Romeinse soldaat wat die sterwende misdadigers se lyding verkort? Indien daar enige oortredings begaan is, wie bepaal wie oortree het? Wat is die kriteria wat ons gebruik om te bepaal wat reg en verkeerd is? Daar blyk geen konsekwentheid in ons gedagtes te wees nie. Die beginsel van die lewe as die hoogste waarde kan lukraak toegepas word afhangende van watter emosie die besluitneming dryf. Die keuse vir die lewe ten alle koste word nie konsekwent toegepas nie. Ons aanvoeling is dat daar soms begrip is vir die keuse vir die dood. Soms is dit goed om die dood te kies.

Behoort die Bybel die riglyn vir gelowiges te wees oor hoe om oor die lewe en dood te dink? Is die Bybel ons riglyn? Gee die Bybel kriteria?

#### 4. Bybelse en Christelik-teologiese perspektief

In ons omgang met die Bybel is daar talle aanduidings van hoe die gemeenskap waarbinne die Bybel ontstaan, ontwikkel en toegepas is, gedagtes oor lewe en dood aanbied.

- Die Tien Gebooie (Eks. 20:13; Deut. 5:17)<sup>2</sup>: “Jy mag nie moord pleeg nie.” Die Hebreuse woord *ratshag* word hier gebruik om na doodslag te verwys. Die woord tref geen onderskeid tussen doodslag met voorbedagte rade of nie-bedoelde doodslag nie. Hier is dus nie ’n onderskeid tussen moord en manslag nie. Alhoewel hierdie gebod aangevoer word as ’n argument teen selfdood of bystanddood, is dit nie so eenvoudig nie. Augustinus (sien Gorsuch en Gorsuch 2006:25) het hierdie teksvers, wat die sesde gebod verteenwoordig, voorgehou as argument teen selfdood. Augustinus het die toegewing tot selfdood as ’n gevaarlike misstap beskou wat tot allerlei waninterpretasies kan lei: As selfdood die vermyding van aardse probleme is, kan selfdood in alle gevalle geregverdig word om toekomstige sonde te vermy (vergeelyk Gorsuch en Gorsuch 2006:26). Die Bybel sê slegs jy mag nie doodslaan nie. Definieer ons moord as ’n opsetlike en beplande handeling, om met kwade bedoelings en voorbedagte rade iemand se lewe te neem? Dan kan dit nie moord wees as ons uit empatie en met vrome bedoelings iemand se lewe neem sodat hulle lyding gespaar word nie. Is dit nie eerder wreedheid om ’n lydende persoon aan die lewe te hou nie?
- Saul se doodsverlange (1 Sam. 31:2–4; 2 Sam. 1:6–10): Daar is twee weergawes van hierdie gebeurtenis in die Bybel opgeteken. Volgens die weergawe in 1 Samuel weier die wapendraer uit vrees vir die gevolge as hy die koning (Saul) sou doodmaak, om Saul se versoek te gehoorsaam. Die wapendraer maak homself dood as hy sien Saul val in sy eie swaard. Volgens die weergawe in 2 Samuel kom ’n Amalekiet na afloop van die geveg en erken dat hy vir Saul doodgemaak het:

Ek was heel toevallig op Gilboaberg. Daar merk ek toe dat Saul hom met sy spies om die lewe probeer bring, terwyl die Filistyne se strydwaens ... kort op sy hakke was. ... Hy het my nader geroep ... “Kom staan hier langs my en maak my dood,” beveel hy, “want ek leef wel nog, maar my toestand is kritiek.” Ek het toe nader gestaan en hom doodgemaak, want ek het besef dat hy nadat hy homself probeer doodmaak het, nie sou bly lewe nie.

Dawid laat die Amalekiet doodmaak omdat hy dit durf waag het om die koning, die gesalfde van God, dood te maak. Die Amalekiet word doodgemaak nie omdat hy ’n mens doodgemaak het nie, maar omdat hy die koning, Saul, doodgemaak het. Het die Amalekiet ’n ander soldaat van Israel doodgemaak, sou die gevolge dalk anders gewees het.

- Judas hang homself op (Matt. 27:5; Hand. 1:18–9): Twee bybelse weergawes getuig oor wat van Judas geword het nadat hy klaarblyklik berou gehad het oor sy verraad van Jesus. Matteus stel stellig dat Judas homself opgehang het. Volgens Handeling 1:18–9 het Judas grond gekoop, vooroor op die grond geval en oopgebars, en sy ingewande het uitgepeul. Judas neem dus sy eie lewe.

- Paulus se doodsverlange (Fil. 1:20–4):

Ek wil ook nou, soos nog altyd, met alle vrymoedigheid deur my hele wese Christus verheerlik in lewe en in sterwe, want om te lewe, is vir my Christus, en om te sterwe is vir my wins. As ek in die lewe bly, kan ek voortgaan met vrugbare arbeid. Wat ek moet kies, weet ek nie. Ek is in 'n tweestryd: ek verlang daarna om heen te gaan en met Christus te wees, want dit is verreweg die beste; maar in julle belang is dit noodsaakliker dat ek bly lewe.

Paulus se moeilike omstandighede maak dat hy wens hy gaan dood. Die dood hou vir hom geen bedreiging of vrees in nie en sou 'n uitkoms vir sy lyding wees.

- Job se doodsverlange (Job 3:1–2, 7, 11, 13, 16, 21):

In Job 3:20–2 lees ons:

Waarom moes God dan die lewenslig gee aan 'n man wat net swaarkry, waarom moes Hy lewe gee aan 'n man wat so bitter ly, aan iemand wat tevergeefs hunker na die dood, wat daarna soek soos na 'n verborge skat, wat maar te bly sou wees om in 'n graf te kom en daarvoor sou jubel?

Job se swaarkry maak dat hy wens dat sy lewe beëindig word. Ons lees egter van geen poging deur homself om sy lewe te beëindig nie. Selfs wanneer sy vriende hom aanraai om God te vervloek en so die onmiddellike straf van die dood oor hom te laat kom, weier hy om dit te doen. Sy vriende glo in die kousaliteit dat God gee wat 'n mens toekom: Goeie dade word beloon en sonde word gestraf. Om God te vervloek, sal onmiddellike dood beteken. Job se vriende raai hom aan om hierdie paadjie van selfbeskikking oor die dood te volg.

Die volgende Bybelverse bied ruimte om argumente teen eutanasie te formuleer:

- Deuteronomium 30:19: God laat Israel die lewe kies. Kies daarom altyd die lewe.
- Psalm 23: God is by ons selfs in die vallei van doodskaduwee en daarom behoort ons nie vir die dood te kies nie.
- Psalm 36:9, Handeling 17:28: God beskik oor lewe en dood. Slegs Hy kan dood bring. Die lewe is kosbaar.
- Prediker 8:8: “Niemand het die mag om die wind te stuit nie; niemand het seggenskap oor sy sterfdag nie.” Hierdie vers word so geïnterpreteer dat dit bepaal dat geen mens mag inmeng met God se vooruitbestemming van 'n mens se sterfdag nie. Die vers kan egter ook in 'n positiewe sin beteken dat niemand die datum van hulle eie sterfdag ken nie.
- Romeine 5:12 (Gen. 2:17): Die dood is die gevolg van die sondige toestand van die mens wat met Adam en Eva begin het.
- Romeine 5:13: Swaarkry leer volharding. God laat ons ly met 'n doel. Lyding moet dus nie ingeperk word om sodoende die les wat God ons wil leer, voortydig te beëindig nie.
- Romeine 8:37: Niks kan ons van die liefde van God skei nie, selfs nie eers die dood nie. Die vers sou ook so geïnterpreteer kon word dat God begrip het vir die een wat eerder vir die dood kies. God se liefde oortref alles.

- 1 Korintiërs 10:13: God sal nie versoekings bo ons kragte oor ons laat kom nie. Hy beskerm ons teen redes wat ons laat gryp na 'n wens vir die dood.
- 1 Korintiërs 15:26: Die dood is ons vyand en kan slegs oorwin word deur die lewe wat seëvier.
- 1 Johannes 3:15; Eksodus 20:13; Deuteronomium 5:17; Deuteronomium 22:8: Jy mag nie moord pleeg nie. God haat die moordenaar. Bou jou huis so dat dit veilig vir ander is en nie iemand se dood kan veroorsaak nie.

Wat ons egter uit hierdie verse aflei, is dat daar in die Bybel geen ondersteuning vir of teen eutanase is nie. Daar is geen etiese uitspraak wat dit aanmoedig of ontmoedig nie. Die Bybel ontstaan in 'n kulturomgewing waar selfdood as normaal beskou is deur talle kulture. Die Stoïsyne het geen beswaar gehad teen selfdood in tye van teenspoed nie. Cicero het dit selfs as waardig beskou om die lewe in 'n oomblik van teenspoed te beëindig. Daarbenewens was daar talle filosowe wat teen selfdood geargumenteer het, byvoorbeeld Pythagoras. Die Romeinse wetgewing het geen beswaar teen selfdood gemaak nie (Gorsuch en Gorsuch 2006:24–5). Binne hierdie sosiale konteks waar uiteenlopende gedagtes oor selfdood heers, het die Bybel ontstaan.

Die Bybel bied geen klinkklare en konstante riglyn oor hoe daar in alle omstandighede oor lewe en dood gedink moet word nie. Die Bybel bied wel oorwegings wat opnuut in nuwe kontekste toegepas kan word. 'n Soeke na konstantes grens aan skriftuurlike fundamentalisme waar slegs 'n etiket van reg of verkeerd geldige antwoorde kan wees. Geen uitsonderings kan dan oorweeg word nie. Volgens hierdie manier van argumentvoering moet die konstante antwoord altyd onnadenkend aangebied word as die regte antwoord. Die argument in hierdie studie is juis om onnadenkende keuses te verhoed.

Die besinning oor bybelse riglyne oor die lewe en die dood lei tot die volgende stellings:

- Die Bybel sê nie dat ons die lewe moet verleng selfs as sterwe op hande is nie.
- Die Bybel sê ook nie ons moet iemand wat sterwend is, se lewe beëindig nie.
- Die Bybel het narratiewe wat vertel oor mense wat in bepaalde omstandighede wens en selfs kies vir die dood (bv. Job, Saul, Judas en Paulus). Die narratiewe bied egter geen etiese riglyn oor hoe ons moet dink oor selfdood of eutanase nie.
- Die Bybel kan net die ideaal stel dat die lewe 'n waardevolle geskenk van God is wat met respek en omsigtigheid hanteer moet word. Vergelyk die argumente van Augustinus en Aquinas.
- Oor die aangeleentheid van eutanase is daar geen rigtinggewende uitspraak in die Bybel te bespeur nie.

Om as Christen oor die reg en verkeerd van 'n keuse vir of teen lewe en dood te besin, veronderstel dat die argument 'n teologiese basis het. Dit sou kon impliseer dat die redenasie slegs op Christene van toepassing is en nie vir almal in die samelewing geldig is nie. Die vraag sou dan gevra kon word of Christene die alleenreg het om oor die reg op lewe en dood te besin? Het ander godsdienste ook die reg om daarvoor te besin en het persone sonder godsdienstige affiliasie ook die reg om te besin oor die reg op lewe en dood? Is teologiese besinning die enigste basis waarop argumentvoering gebou kan word? Inderdaad nie.

Dit is juis Paterson se argument. Paterson (2008:15) gee 'n kritiese evaluering van die verskillende stellings teen eutanase wat vanuit 'n teologiese perspektief aangebied word. Sy bevinding is dat die premis van die lewe as heilige beginsel op 'n wankelrige godsdienstige basis gebou is en dat die argument inkonsekwent beredeneer word. As die lewe slegs aan God behoort en slegs Hy kan beslis wanneer die lewe of dood kom, dan is dit ewe verkeerd om die lewe te verleng as dit te beëindig. Paterson (2008:16) toon aan dat dit onmoontlik is om die beginsel van die lewe as hoogste waarde konsekwent op alle situasies toe te pas. Hy argumenteer teen die beginsel wat die lewe as die hoogste waarde beskou. Hoe kan die neem van 'n lewe in sekere gevalle geregverdig word, soos in die geval van die teregstelling van misdadigers en in ander gevalle, soos selfverdediging (Paterson 2008:17), maar die neem van 'n lewe van 'n lydende pasiënt is nie toegestaan nie? Die beginsel van die lewe as hoogste waarde word dus inkonsekwent toegepas.

Sherwood (2016) berig dat die eietydse teoloog aartsbiskop Desmond Tutu daarvoor pleit dat mense wat wens vir die dood 'n waardige dood gegun moet word. Mense wat ly, behoort toegelaat te word om self oor hulle lewe en dood te beskik. Om terminaal siek pasiënte toe te laat om vir die dood te kies, word volgens Tutu (aangehaal in Sherwood 2016) gebaseer op die Christelike waardes van empatie en regverdigheid. Alhoewel Tutu (sien Sherwood 2016) glo aan die sakrale waarde van die lewe, is hy tog daarvan oortuig dat terminaal siek pasiënte nie uitgelewer behoort te word aan pyn en lyding nie, maar die reg behoort te hê om self te besluit oor die tyd en wyse van hulle dood.

Watter kriteria sal Christene dan gebruik om te bepaal hoe om oor eutanase te dink? Die Bybel is die vertrekpunt vir gelowiges om God en Sy wil te leer ken. Om riglyne vir etiese sake reglynig uit die Bybel af te lei, is egter moeilik, soos hier bo in die bespreking van 'n aantal Bybelverse aangetoon is. Die debat oor eutanase baat nie by die sambreeltoepassing van 'n godsdienstig gedrewe wet teen die neem van 'n lewe nie.

Dit gaan oor die wyse waarop die Bybel gebruik word in openbare debatvoering. Hoe gebruik ons die Bybel? Dit voeg geen waarde toe tot die debat om sekere Bybelverse oor lewe aan te haal en legalistiese waarde daaraan toe te ken nie. Die verse vorm nie vaste reëls wat vir alle kontekste ewe geldig is nie. Die Bybel het ontstaan en praat binne 'n spesifieke konteks en vanuit spesifieke verhale. Watter sin maak ons uit dit wat ons in die Bybel lees vir ons eie konteks? Die Bybel bestaan nie uit universele reëls wat tydloos en konteksloos oorgedra word van een tyd en plek na 'n ander nie. Die Bybel plaas 'n hoë premie op lewe. Maar die Bybel stel nie voor dat lewe 'n apoteotiese beginsel word nie. Ons kan nie die lewe vergoddelik en aanbid nie. Daar sal aandag geskenk moet word aan die destigmatisering van die dood. Die dood is nie ons vyand wat oorwin moet word nie. Die dood kan in sekere kontekste selfs ons vriend wees. Die dood is ook deur God geskep om 'n einde aan 'n mens se lewe te maak. Die desakralisering van die dood sou beteken dat die dood as 'n natuurlike proses gesien word en nie as 'n goddelike straf nie. Die implikasie is dat die dood gesien word vir wat dit is: 'n onvermydelike en natuurlike gebeurtenis.

Die bybelse opdrag van liefde bied 'n bruikbare beginsel om as kriterium te gebruik. Die Bybel stel dat elke mens God moet liefhê en dat 'n mens jou medemens moet liefhê soos wat jy jouself liefhet (vergelyk Deut. 6:4–5; Lev. 19:18; Mark. 12:28–31). Die beginsel van liefde moet egter oordeelkundig toegepas word. Om lief te hê, moenie as 'n nuwe wet verstaan word nie. Liefde moet doelbewus, nadenkend en oordeelkundig uitgeleef word. Om lief te hê, is 'n uitvloeisel van 'n geloofsverhouding met God.

Om oor eutanase vanuit liefde te besin, hou in dat daar met nadenke, in lyn met Arendt (sien bespreking wat volg) se pleidooi, oor gepaste en liefdevolle aksie besin moet word. Deur in liefde oor eutanase te besin, word onnadenkendheid verwyder en word dié wat oor die neem van 'n lewe moet besin, verplaas in die skoene van die lydende pasiënt. Onnadenkende optrede hou in om te verval in clichés sonder om die toepaslike konteks te oorweeg. Vir Christene sou die oorweging vanuit die liefdesopdrag wees om in liefde op te tree en ander so te behandel soos wat hulle behandel wil word. Christene tree op uit liefde en betoon barmhartigheid. Soms is dit genade om eutanase te oorweeg.

Die voorwaarde vir eutanase sou natuurlik wees dat daar geen omkeer in die lyding moontlik is nie en dat sterwe op hande is. Die lyding wat die pasiënt verduur, sal noodwendig tot sy of haar gewisse dood lei. Dan mag dit die regte keuse wees om die lewe, op versoek van die pasiënt, te beëindig.

## 5. Suid-Afrikaanse regsprospektief

Vrywillige aktiewe eutanase is in beginsel wettig in 'n aantal lande (bv. België, Kanada en Switserland). Vergelyk in hierdie verband die besprekings in Griffiths, Bood en Weyers (1998), Griffiths, Weyers en Adams (2008), Downie (2004), Healey (2014) en Lavi en Lavi (2007). Dit word egter onder streng regulering en voorwaardes goedgekeur en toegepas.

Ten spyte van pogings in die hof om eutanase wettig te verklaar, is dit steeds onwettig in Suid-Afrika. In 2015 het die Noord-Gautengse Hooggeregshof in 'n uitspraak toestemming gegee dat 'n terminaal siek pasiënt (Robin Stransham-Ford) 'n dokter mag vra om hom by te staan in selfdood. Die hofuitspraak deur Regter Fabricius ten gunste van die aansoeker is egter eers gelewer kort na die natuurlike afsterwe van Stransham-Ford (Manyathi-Jele 2015). Die Minister van Justisie het appèl teen die uitspraak aangeteken met die gevolg dat die Hoogste Hof van Appèl die uitspraak in 2016 ter syde gestel het en die verbod op die praktyk van bystanddood in Suid-Afrika herbevestig het.

Die argument in die Stransham-Ford-aansoek om die wettiging van bystanddood was gegrond op die grondwetlike en demokratiese reg van die individu op menslike waardigheid, om nie onmenslik behandel te word nie en om self seggenskap oor jou eie lewe en dood te hê. Die verwysing na die grondwetlike regte van die individu, soos vervat in hoofstuk 1 (art. 1a) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 (hierna die Grondwet), is belangrik. Die waarborg en uitbou van menswaardigheid is veral belangrik. Hierdie saak word ook aangespreek in hoofstuk 2 (art. 10) van die Grondwet: "... the right to have human dignity respected and protected". Die Grondwet plaas verder klem op die vryheid van die individu (hoofstuk 2, art 12.1 en 12.2); in artikel 12.1(e) word verwys na die vryheid om nie op 'n wrede, onmenslike of vernederende wyse behandel te word nie; in artikel 12.2(b) word spesifiek die reg van die individu vermeld om beheer oor die eie liggaam te hê. 'n Interpretasie van hierdie grondwetlike regte laat inderdaad ruimte vir die moontlikheid van eutanase.

In die Stransham-Ford-saak het die aansoeker daarom aansoek gedoen dat 'n mediese beampte 'n middel mag toedien wat dood sal teweegbring of, as 'n alternatief, 'n middel beskikbaar mag stel wat die applikant self kan toedien om dood teweeg te bring (punt 2). Die aansoeker het ook aansoek gedoen dat sodanige mediese beampte gevrywaar sal wees van regsvervolging (punt

3) (sien Stransham-Ford-uitspraak deur Regter Fabricius). Die aansoeker het aangedui dat hy nie die dood vrees nie, maar wel sterwe wat gepaard gaan met lyding (sien par. 9.5 van Stransham-Ford uitspraak; Manyathi-Jele 2015). In die hofuitspraak (sien par. 10) dui Regter Fabricius aan dat die huidige wetgewing bepaal dat bystand by selfdood, asook vrywillige aktiewe eutanase, onwettig is (vergelyk wetgewing oor die saak soos aangehaal in *S v De Bellocq* 1975(3) SA 538 (T) by 539D; *S v Marengo* 1991(2) SACR 43 (W) 47 A–B; *Ex parte Minister van Justisie: In re S v Grotjohn* 1970(2) SA 355 (A)).

Die aansoeker se filosofiese argument was dat daar nie ’n wesentlike verskil is tussen die weerhouding van behandeling wat sal lei tot die natuurlike proses van die dood, en bystand deur ’n mediese dokter wat tot die dood sal lei nie (Manyathi-Jele 2015).

Deel van die argumentvoering is dat eutanase in gevalle van beseerde diere wel in Suid-Afrika wettig is op grond van medelye met die lyding van die dier (vergelyk art. 2(1)(e) van die Wet op Dierbeskerming 71 van 1962, saamgelees met art. 5(1) en 8(1)(d)). Die aansoeker het aangevoer dat om ’n beseerde dier te laat ly wreed, ongenadig asook onwettig is, omdat dit tot onnodige lyding deur die dier sal lei. Vir dieselfde redes behoort die reg op genadedood aan mense gegun te word.

Die diskrepansie in die beredenering van die regsbeginsele van toepassing op diere en mense is opvallend. Dit is duidelik dat daar verskeie maniere is om oor eutanase te redeneer. ’n Interpretasie van wat die Bybel daarvoor sê, berus op teologiese gronde. Die argumente aangevoer in die landswette is gebaseer op regs- en filosofiese argumente. Die platforms waarop die redenasies gebaseer is, verskil. Die wyse van argumentvoering, in plaas van die platforms waarop argumente gevoer word, kan dalk meer duidelikheid oor die aangeleentheid bied.

Paterson volg dieselfde lyn van argumentvoering as wat in die Stransham-Ford-hofspraak aangebied is: die inkonsekwente toepassing van die beginsel dat lewe soms heilig is en soms nie. Lewe kan slegs ’n positiewe waarde hê solank dit staande kan bly langs kompeterende waardes, soos die waardeloosheid van ’n lewe gevul met lyding (Paterson 2008:18). As diere die reg het om ’n genadige dood in plaas van ’n pynlike en uitgerekte dood te ontvang, waarom mag lydende, siek pasiënte nie dieselfde waardigheid ontvang nie?

Verder argumenteer Paterson (2008:22) dat die vryheid en reg van die individu gerespekteer moet word. As die individu se keuse slegs gevolg vir daardie individu inhou, behoort die individu toegelaat te word om ’n bepaalde keuse te maak. Hierdie lyn van argumentvoering is ook sigbaar by diegene wat daarop aandring dat dit die demokratiese reg van die individu is om die lewe of dood te kies. Vergelyk ook die soortgelyke argument in die Stransham-Ford-saak. Van Niekerk (aangehaal in Oosthuizen 2018) bied ook hierdie argument ten gunste van bystanddood aan.

## 6. Filosofiese en etiese perspektief

Dit is reeds uitgewys dat besinning oor eutanase binne ’n etiese, sosiale, regsfilosofiese en teologiese raamwerk plaasvind. Dit het ook duidelik geword dat die Bybel geen klinkklare uitspraak ten gunste van of teen eutanase bied nie. Selfs regsargumente (vergelyk die

diskrepanse tussen eutanase vir diere en mense) blyk dubbelsinnig te wees. Wat is dan reg en wat is verkeerd?

Oor die bepaling van wat reg en verkeerd is, bied die filosofie van Hannah Arendt (1906–1975) rigtinggewende wysheid. Vir Arendt lê die waarde van etiese vraagstukke nie soseer in die vasstel van wat reg en verkeerd is nie, maar in die proses wat gevolg word op pad na 'n antwoord. Hoe ons by die antwoord uitgekome het, is 'n belangriker oorweging.

Arendt, as morele historikus of politieke filosoof, lewer in haar publikasies (Arendt 1958; 2003a; 2003b; 2006a; 2006b) kommentaar op die gruweldade wat tydens die Tweede Wêreldoorlog gepleeg is. Sy poog om dit vir haarself, asook vir ander, duidelik te maak wat gebeur het en hoekom dit toegelaat is om te gebeur. Waarom oorlog, waarom diskriminasie, waarom onskuldiges wreed doodmaak? Haar poging tot verheldering bring haar by 'n studie na die aard van goed en kwaad. Haar ontleding van kollektiewe boosheid, soos tydens die Tweede Wêreldoorlog, is relevant vir die wyse waarop 'n samelewing kollektief 'n dilemma soos eutanase die hoof kan bied (Arendt 2006b).

Arendt mag dalk die ideale gespreksgenoot in hierdie debat wees, aangesien sy juis nie as teoloog optree nie. In haar naoorlogse evaluering van die verhoor van oorlogsmisdade deur die Nazi's, en spesifiek by die Adolf Eichmann-verhoor, is Arendt telkens verstom om te hoor van die wreedheid en ongeregtheid waartoe mense in staat is. Wat haar egter meer opval as ooggetuie by die hofsak van Eichmann is dat hy soos 'n gewone, verwese mens voorkom, oënskynlik nie tot wreedheid in staat nie (Arendt 2006a). Arendt se slotsom is dat gewone mense tot onbeskryflike wreedheid in staat is (vergelyk Mahoney 2018:43).

Wat haar veral opval, is die onnadenkende wyse waarop Eichmann sy eie wrede gedrag regverdig deur voor te hou dat hy slegs opdragte as staatsamptenaar uitgevoer het – dus onnadenkend die reëls toegepas het. Vir Arendt is dit belangrik om nie onnadenkend te gryp na die maklike konstante antwoorde nie. Mahoney (2018:10) wys op die morele dimensies van Arendt se evaluasie van die Eichmann-sak. Dit sluit onder andere die banaliteit van boosheid asook die verband tussen onnadenkendheid en boosheid in. Vir Arendt verwys onnadenkendheid na die onvermoë om aan ander te dink en om jouself in die skoene van ander te plaas. Volgens Arendt is dit onnadenkend wanneer 'n mens nie tot oorspronklike gedagtes en uitsprake in staat is nie, maar terugval op clichés (Mahoney 2018:18–28). Volgens Arendt word bose dae nie altyd op grond van bose motivering gepleeg nie – boosheid kan gepleeg word selfs met goeie en onskuldige bedoelings (vergelyk Mahoney 2018:28).

Arendt wys op die invloed van eksterne omstandighede op die optrede van die individu wat tot die pleeg van boosheid kan lei (Mahoney 2018:40–3). Die bose sosiale sisteem manipuleer die individu wat beïnvloedbaar is om met boosheid op te tree. Die individu (in die bespreking van Arendt is dit Eichmann) het onnadenkend gereageer en deelgeneem aan boosheid op die suggestie en bevel van die Nazi's.

In die geval van eutanase sal die vraag sekerlik gevra kan word wie boos optree: die een wat lewe wil neem of die een wat weier om lewe te neem? Wat is binne hierdie konteks die grootste boosheid – om lewe wat gepaard gaan met lyding te verleng, of om lewe wat gepaard gaan met lyding te beëindig? Die oordeel is kontekstueel en subjektief. Dit is egter in die lig van Arendt se bespreking belangrik om nie onnadenkend op enige suggestie of manipulasie van die sosiale sisteem toe te gee nie. Al veroordeel landswette eutanase in die sosiale bestel van Suid-Afrika,



mag die sinvolheid van die versoek tot eutanase tog ondersoek word. Elke konteks behoort onafhanklik en nadenkend beoordeel te word. Morele denke maak dit moontlik om oor boosheid te besin (Mahoney 2018:83).

Die rol van die sosiale bestel as konteks waarbinne boosheid plaasvind, is belangrik. Wat sê dit van die samelewing waar oënskynlike boosheid toegelaat word? In die geval van eutanase kan die boosheid ook verwys na die weerhouding van die dood of die verlenging van die lewe van die lydende pasiënt.

## 7. Samevatting

'n Balans is belangrik: beskerm die lewe, maar moenie die dood verhinder nie. Om uitvoering daaraan te gee, sal daar besin moet word oor wat die swaarste weeg: die reg om te lewe of die reg om te sterwe. Ook moet oorweging geskenk word aan die balans tussen om reg te wees (die letter van die landswet presies toe te pas) of om lief te hê (om empatie te hê met dié wat ly). Die dood is 'n sosiale aangeleentheid en daarom sal daar in die besinning oor eutanase besin moet word oor wat dit sê oor 'n gemeenskap waar eutanase aanvaarbaar is. Sê dit dat dit 'n samelewing is wat sonder respek vir die lewe is en wat mense toelaat om willekeurig met die lewe om te gaan? Dit hou bepaalde gevolge in oor hoe so 'n samelewing sou omgaan met byvoorbeeld aborsie. Sê dit dat so 'n samelewing waar eutanase aanvaarbaar is, 'n geordende en gedissiplineerde samelewing is wat wette en reëls klinies en presies toepas, of sê dit van so 'n gemeenskap dat dit 'n barmhartige en empatiese samelewing is wat die waardigheid van die lewe beskerm, maar mense lyding wil spaar en respek het vir die individu om self oor sy of haar dood te mag besluit?

Uiteindelik is die keuse vir of teen eutanase die besluit oor watter tipe samelewing ons wil wees.

Die versugting na die goedkeuring en aanvaarding van eutanase kommunikeer iets oor menswees en medemenslikheid. Die roep om eutanase is 'n kreet om bemagtiging en bystand – 'n menslike versugting om selfbeskikking. Die weiering van eutanase is toekomsontsegging – die weiering dat 'n medemens 'n bepaalde verkose toekoms tegemoet gaan.

Die risiko van eutanase is natuurlik 'n wysiging van 'n etiese denkraamwerk. Die hoogste waarde is dan nie meer die lewe nie, maar wel die outonomieit van die individu. Die dilemma van eutanase is nog lank nie opgelos nie, maar dit is duidelik dat daar nie onnadenkend gehandel kan of mag word nie.

## Bibliografie

Aquinas, T. 1964–75. *Summa theologiae*. T. Gilby (red.). Londen: Blackfriars; Eyre & Spottiswoode.

Arendt, H. 1958. *The human condition*. 2de uitgawe. Chicago, IL: University of Chicago Press.

- . 2003a. *Responsibility and judgement*. New York, NY: Shoken.
- . 2003b [1968]. *The origins of totalitarianism*. New York, NY: Harcourt.
- . 2006a [1977]. *Eichmann in Jerusalem: A report on the banality of evil*. New York, NY: Penguin.
- . 2006b. *On revolution*. New York, NY: Penguin Classics.
- Augustinus. 2007. *De stad van God*. Vertaal deur Gerard Wijdeveld. Amsterdam: Ambo.
- Battin, M.P. 1995. *The death debate: Ethical issues in suicide*. Hoboken, NJ: Prentice Hall.
- Bernat, J.L. 2018. Defining death. In Moreman (red.) 2018.
- Biggs, H. 2001. *Euthanasia, death with dignity and the law*. Londen: Bloomsbury.
- Bryant, M. 2005. *Confronting the "good death": Nazi euthanasia on trial, 1945–1953*. Boulder, CO: University Press of Colorado. <http://www.jstor.org/stable/j.ctt1wn0r98> (23 Julie 2021 geraadpleeg).
- Downie, J. 2004. *Dying justice: A case for decriminalizing euthanasia and assisted suicide in Canada*. Toronto: University of Toronto Press.
- Durkheim, E., J.A. Spaulding en G. Simpson. 1890 [2002]. *Suicide: A study in sociology*. ProQuest Ebook.
- Gorsuch, N.M. en N.M.M. Gorsuch. 2006. *The future of assisted suicide and euthanasia*. Princeton, NJ: Princeton University Press.
- Griffiths, J., A. Bood en H. Weyers. 1998. *Euthanasia and law in the Netherlands*. Amsterdam: Amsterdam University Press.
- Griffiths, J., H. Weyers en M. Adams (reds.). 2008. *Euthanasia and law in Europe: With special references to the Netherlands and Belgium*. Oxford: Hart.
- Healey, J. 2014. *Voluntary euthanasia debate*. Thirroul, Australië: Spinney.
- Jackson, E. en J. Keown. 2012. *Debating euthanasia*. Oxford: Hart.
- Keown, J. 2002. *Euthanasia, ethics and public policy: An argument against legalisation*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Lavi, S.J. en S.J.J. Lavi. 2007. *The modern art of dying: A history of euthanasia in the United States*. Princeton, NJ: Princeton University Press.
- Luper, S. 2018. Philosophical perspectives. In Moreman (red.) 2018.
- Mahoney, D.L. 2018. *Hannah Arendt's ethics*. Londen: Bloomsbury Academic.

Manyathi-Jele, N. 2015. Judge's ruling in assisted suicide case divides South Africa. *De Rebus*, 4 Junie. <https://www.derebus.org.za/judges-ruling-in-assisted-suicide-case-divides-south-africa/> (21 Julie 2021 geraadpleeg).

Moreman, C. (red.). 2018. *The Routledge companion to death and dying*. Londen: Routledge.

Morris, P. 2012. *Blue juice: Euthanasia in veterinary medicine*. Philadelphia, PA: Temple University Press.

Oosthuizen, J. 2018. Genadedood is 'n demokratiese reg. *LitNet*. <https://www.litnet.co.za/genadedood-n-demokratiese-reg> (5 Mei 2021 geraadpleeg).

Paterson, C. 2008. *Assisted suicide and euthanasia: A natural law ethics approach*. Londen: Taylor & Francis.

Republiek van Suid-Afrika. 1996. Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika. <http://www.gov.za/sites/default/files/images/a108-96.pdf> (12 Oktober 2021 geraadpleeg).

Schaff, P. (red.) 1887. *A select library of Nicene and post-Nicene fathers of the Christian church 1976–1979*. Deel II. St. Augustin's *City of God and Christian Doctrine*. Buffalo, NY: The Christian Literature Co. <https://oll.libertyfund.org/title/schaff-a-select-library-of-the-nicene-and-post-nicene-fathers-of-the-christian-church-vol-2> (21 Julie 2021 geraadpleeg).

Sherwood, H. 2016. Desmond Tutu: I want right to end my life through assisted dying. *The Guardian*. <https://www.theguardian.com/society/2016/oct/07/desmond-tutu-assisted-dying-world-leaders-should-take-action> (11 Oktober 2021 geraadpleeg).

Somerville, M. 2014. *Death talk: The case against euthanasia and physician-assisted suicide*. 2de uitgawe. Montreal: McGill-Queen's University Press.

Sullivan, W.F. 2004. *Eye of the heart: Knowing the human good in the euthanasia debate*. Toronto: University of Toronto Press.

Van Niekerk, A. 2017. *Die dood en die sin van die lewe*. Kaapstad: Tafelberg.

Vocabulary.com. s.j. Euthanasia. <https://www.vocabulary.com/dictionary/euthanasia> (11 Oktober 2021 geraadpleeg).

Wardle, D. 2007. A perfect send-off: Suetonius and the dying art of Augustus (Suetonius, Aug. 99). *Mnemosyne*, 60(3):443–63.

Williams, G. 2007. *Intention and causation in medical non-killing: The impact of criminal law concepts on euthanasia and assisted suicide*. New York, NY: Routledge-Cavendish.

### Hofuitspraak:

*Stransham-Ford v Minister of Justice and Correctional Services* (27401/15) [2015] ZAGPPHC 230; 2015(4) SA 50 (GP); [2015] 3 AllSA 109 (GP); 2015(6) BCLR 737 (GP) (4 May 2015). <http://www.saflii.org/za/cases/ZAGPPHC/2015/230.html> (12 Oktober 2021 geraadpleeg).

### Eindnotas

<sup>1</sup> Temas wat deur die verskeie publikasies aangespreek word, kan in verskeie kategorieë ingedeel word: definisies (Keown 2002; Somerville 2014; Healey 2014), etiese oorwegings (Keown 2002; Paterson 2008; Somerville 2014; Sullivan 2004), wetlike perspektiewe (Keown 2002; Jackson en Keown 2012; Biggs 2001), historiese oorsig oor die debatvoering (Gorsuch en Gorsuch 2006), kontekstuele perspektiewe (bv. Nederland [Griffiths e.a. 1998], Europa [Griffiths, Weyers en Adams 2008], Kanada [Downie 2004], Australië [Healey 2014] en die VSA [Lavi en Lavi 2007]), anekdotiese getuienisse (Healey 2014), mediese perspektiewe (Williams 2007) asook veeartsenykundige perspektiewe (Morris 2012).

<sup>2</sup> Alle aanhalings uit die Bybel is geneem uit die Afrikaanse vertaling van 1983. (Die Bybel. 1983. Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.)